# AFRIFORUM SE RUSTENBURG-TAK HERVAT SKOONMAAKPROJEK; HERSTEL SLAGGATE

**Rustenburg –** Die AfriForum-tak in Rustenburg het op Woensdag 10 Junie hul skoonmaakprojek in die dorp hervat en ook slaggate herstel. Die projek is op 7 November 2019 van stapel gestuur, maar was tydelik deur die landwye inperking onderbreek.
Die tak het onder meer die gras op die sypaadjie van Oliver Tambo rylaan gesny en slaggate in Kloofweg, Landros straat, Brink straat en Joubert straat herstel.
"Die algehele netheid het oor die afgelope paar maande agteruitgegaan. Verder versuim die plaaslike munisipaliteit om paaie in stand te hou. Lang gras en slaggate hou voorts 'n veiligheidsrisiko vir inwoners in. Ons is egter dankbaar dat dié projek nou weer volstoom hervat kan word," sê AfriForum se distrikskoördineerder vir Marico Petrus Coetzee.
AfriForum vra verder dat gemeenskapslede en sakeondernemings ook by dié inisiatief betrokke sal raak om nóg 'n groter verskil te kan maak.
"Die projek is daarop gefokus om volhoubaar te wees en die gemeenskap te help. Ons beplan om twee tot drie dae per week skoon te maak en slaggate te herstel," sê AfriForum se Rustenburg-tak voorsitter Chris Trytsman.
Raak vandag nog betrokke by dié projek: SMS "Rustenburg" na 45351 (R1).
**AfriForum persverklaring, 15 Junie 2020**


Slaggate word herstel by die Landros- en Brinkstraat-kruising.


Die Rustenburg-tak het gras in Oliver Tambo rylaan gesny.

AUTO REFINISHING THAT WORKS FOR YOU
mark's autoworx
CLASSICS & CUSTOMS
FLEET MAINTENANCE
ACCEPTED VENDOR FOR:
All major fleet management banks
ONE STOP SHOP
- For Services (light/ heavy duty vehicles)
- Major mechanical repairs
- Suspension
- Auto electrical and diagnostics
- Panel beating
- Parts
- Upholstery
- Windscreens

MARK:
072 386 2028 | 014 596 5111
marksautoworx@telkomsa.net

GLENCORE
Tender Notification
Please refer to the Glencore Alloys Vendor Portal for details of published Glencore Alloys tenders currently in progress:
http://searchlight.za.glencore.net/VP/LoginCustomer.aspx#anchor
www.glencore.com/south-africa
139555 www.thecandocompany.co.za

# AFRIFORUM SE MARICO-TAKKE VERSKAF SKOLEHULPPAKKETTE

**NW –** AfriForum se Marico-takke het skolehulppakkette aan 12 skole in die area voorsien as deel van die #AfriForumStaanSaam vir Skole-projek, wat in samewerking met AfriForum Jeug van stapel gestuur is.
Laerskool De Kroon, Hoërskool Brits, Laerskool Sonop, Laerskool Pansdrif, Akademie CVO Skool Derby, CVO Skool Lichtenburg, Laerskool Lichtenburg, Laerskool Burgersdorp, Hoërskool Lichtenburg, Laerskool Rustenburg, Laerskool Vastrap, asook CVO Skool Platinum het dié pakkette ontvang om hulle te help om gereed te wees om te heropen.
Die skolehulppakket bestaan uit COVID-19-inligtingstukke, patrone vir gesigmaskers,klaskamerplakkate, elektroniese termometers, handreinigers en handreinigerstaanders. Die waarde van een pakket beloop sowat R6,500.
"AfriForum het baie versoeke van skole ontvang omdat hulle onvoldoende hulp van die Departement van Onderwys ontvang het. Daarom het AfriForum se takke in Rustenburg, Brits, en Lichtenburg aan die skoleprojek deelgeneem om sodoende te verseker dat leerders veilig terug kan keer skool toe om die 2020 akademiese jaar te hervat," sê AfriForum Marico distrikskoördineerder Petrus Coetzee.
AfriForum se Marico-takke wil graag nóg skole ondersteun in die uitdagende tye wat voorlê om te verseker dat hulle op 'n veilige wyse funksioneer. Die takke moedig gemeenskappe daarom aan om by die inisiatief betrokke raak: SMS jou naam na 45351 (R1) en word deel van die oplossing.
**AfriForum persverklaring, 2 Junie 2020**


Die skolehulppakket bestaan uit COVID-19-inligtingstukke, patrone vir gesigmaskers, klaskamerplakkate, elektroniese termometers, handreinigers en handreinigerstaanders.

# SWEET SUCCESS FOR SPCA

Wilna van Staden enjoying her cupcake.



**Rustenburg –** The Rustenburg Society for the Prevention of Cruelty to Animals (SPCA) held a very successful bake sale on Friday 12 June and Saturday 13 June. Severeal people volunteered to bake brownies and cupcakes for the community to satisfy their sweet tooth.
"It was a great success with so many people who baked and bought. My heart is filled with gratitude towards our wonderful community who supported this initiative. We surpassed our biggest expectations and we are truly blessed," said Rustenburg SPCA committee member Marisa Kruger.
All the funds raised will go towards repairing an upgrading the kennels at the SPCA.

# LENDINHG A HELPING HAND

**Kroondal/Rustenburg –** Monday 15 June was an unforgettable and joyous day for the community of Ikemeleng in Kroondal.
They received food parcels from Social Development, Minopex Engineering, Sibanye Stillwater Mine, as well as Gift of the Givers as part of an initiative to support needy people.
The members of the community could not contain their joy and were extremely grateful as they received the food parcels at Ikemeleng Clinic.
"Personnel from the South African Police Services and South African National Defence Force supported the initiative by ensuring visibility and requesting adherence to social distancing," police spokesperson sergeant Ofentse Mokgadi said.


SAPS and SANDF personnel ensured social distancing was adhered to.

# BERGSIG AKADEMIE SE HART KLOP WARM VIR DIE MATRIKULANTE

**Rustenburg –** Bergsig Akademie was op Maandag 8 Junie opgewonde om hul deure te heropen aan die matrikulante. Dit was soos om met familie te herenig na gelang. Dit is wonderlik om weer lewe te sien tussen al die geboue wat vir weke soos 'n spookskool gelyk het.
Die matrikulante het vol geesdrif opgedaag by die skool, blink oë, vol lewenslus, uitgerus en reg om al die nodige roetines te volg.
Leerders het die nodige opleiding ontvang by hul voogde, rakende al die reëls en regulasies, afstande wat gehandhaaf moet word en maskers wat gedra moet word. Die leerders was pligsgetrou en het baie mooi saamgewerk.
Al die personeel was gereed om die leerders te motiveer en te ondersteun. Dit was wonderlik om die eerste fase te betree en hul Graad 12-leerders by die skool terug te verwelkom. Die res van die jaar gaan harde werk wees – maar die leerders is slaggereed.


Die Graad 12 groep is terug en slaggereed om te leer.

# BRINKIES IS REG VIR DIE GRAAD 7'S

**Rustenburg –** Laerskool Dawid Brink personeel het op Maandag 25 Mei byeengekom om voorbereidings te tref vir terugkeer van die Graad-7 groep.
Die skool is van hoek tot kant skoongemaak en personeel het 'n opleidingsessie bygewoon oor die skool se COVID-19 plan van aksie.
Laerskool Dawid Brink skoolhoof Craig Olivier wil ouers gerusstel dat die skool opgewonde en voorbereid is om die jongspan terug te ontvang. "Dit is nie wat met jou gebeur wat saak maak nie, maar hoe jy dit hanteer. Ons as Brinkies kies om hierdie nuwe normaal met albei hande aan te gryp en die beste daarvan te maak."
Op 8 Junie het die skool met ope arms en sosiale distansiëring die kinders verwelkom. Na die baie lang vakansie was die jongspan opgewonde om terug te wees by die skool.


Van links: Impala Platinum Mine verteenwoordiger Blackie Swart, Blaartjie, Laerskool Dawid Brink adjunkhoof Pieter Venter en skoolhoof Craig Olivier.